SA GEMEENTE
SA CONGREGATION



Maandelikse Bybel Bespreking
Alles in Diens- wanneer liefde 'n werkwoord word

Ons wêreld gebruik die woord 'diens' op vreemde maniere.

Ons praat van kliëntediens, staatsdiens, dienslewering en iemand wat "in diens" geneem word. Tog het "dien" ook soms iets minderwaardigs begin beteken: die een wat dien staan onder; die belangrike persoon word bedien.

Jesus draai dié gedagte heeltemal om.
Hy sê: *"Wie onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees" (Markus 10:43). En toe wys Hy hoe dit lyk: Die Here en Meester kniel voor sy dissipels en was hulle voete.*

Ons taal vertel eintlik die verhaal mooi. Diens is 'n selfstandige naamwoord. Diensbaar beskryf 'n mens se ingesteldheid. Maar dien is 'n werkwoord. Dit gebeur eers werklik wanneer liefde hande en voete kry.

Diens kan beteken dat jy kos maak, luister, bid, gee, iemand besoek, 'n kind leer, 'n stoel regskuif, jou beroep met integriteit beoefen of jou besondere gawes beskikbaar stel. Soms is diens groot. Meestal is dit verrassend klein.

Selfs navorsing oor vrywillige werk en ander pro-sosiale gedrag verbind betekenisvolle diens met sterker sosiale verbondenheid en beter emosionele welstand; sommige studies vind ook positiewe verbande met fisiese funksionering.

Maar vir 'n Christen lê die wesenlike waarde nóg dieper:
Ons dien nie sodat ons iets kan kry nie.
Ons dien omdat ons reeds in Christus soveel ontvang het.
Diens is dankbaarheid wat beweeg.
Diensbaarheid is liefde wat sigbaar word.

Een gedagte vir ons in September:
Moenie net vra waar jy nodig is nie. Vra waar God deur jou iemand kan aanraak.
Andrè

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

Tema vir die Maand

Alles in Diens -uitgerus, toegerus, uitgestuur

Van die Ou Testament tot die Nuwe Testament loop daar 'n goue draad deur God se Woord: God roep mense om Hom te dien.

In die Ou Testament beteken die Hebreeuse 'ābad' merkwaardig genoeg beide werk en dien. Diens aan God was dus nooit bedoel as bloot 'n "godsdienstige aktiwiteit" vir 'n uur of twee per week nie. Die hele lewe behoort aan Hom.

By Jesus kry dié gedagte 'n verrassende nuwe gestalte. Hy sê:
"Die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien…"
— Markus 10:45

Die Griekse "diakonia" beteken diens of bediening. Maar Jesus doen meer as om daaroor te praat: Hy kniel, was voete, raak mense aan, voed hongeriges, ontvang buitestanders – en gee uiteindelik Homself.

Daarom is Christelike diens nie 'n manier om God se genade te verdien nie. Dit is ons antwoord, omdat ons genade ontvang het. Romeine 12 noem dit om onsself as 'n lewende offer aan God te gee. En Efesiërs 4 sê, dit is waarom God gawes aan sy kerk gee: sodat gelowiges toegerus kan word vir hulle dienswerk.

Martin Luther verwoord dit besonder mooi:
"'n Christen leef nie in homself nie, maar in Christus en in sy naaste."

Dit is ons uitnodiging vir September:
Kom word toegerus.
Kom staan in diens.
Kom leef God se liefde na buite.
Want diens begin in die hart, en kry hande en voete – en kan, deur God se genade, 'n lewe verander.

Andrè

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

IN HIERDIE UITGAWE

TIENER NAWEEK

EK HET GEHOOR.....

IN DIENS

JOU EERSTE BEDIENING BEGIN BY DIE HUIS.

KONTAK ONS



Jy's Uitgenooi!

Kom deel in 'n onvergeetlike Tienernaweek
vol lofprysing, vriendskap, speletjies en ware ontmoeting met God.

16-18 Oktober 2026
Oakwood Youth Challenge, RG40 3DA
Bring jou energie, jou vrae, jou vriende — en jou hart wat oop is vir wat God wil doen.
Ons sien uit om hierdie betekenisvolle naweek saam met jou te beleef.

Bespreek sommer dadelik jou plek

Ek het gehoor, maar.....

Ek het gehoor.....

- *"Ons het maar so groot geword."* Maar toe leer ek in die Bybel ek hoef regtig nie so oud te word nie.

- *"Jy moet iets agter jou naam hê."* Maar toe ontdek ek God gee aan my 'n nuwe naam. Hy noem my sy kind. Hy gee ewige waarde aan my lewe.

- *"Jy moet jou lewe uitsorteer."* Maar nou ervaar ek Christus doen die uitsorteer werk miljoene kere beter as ek self.

- *"Jy moet mense bekeer."* Maar toe ontdek ek dit is die Here se werk. Ek is slegs Sy getuie. Ek reël ontmoetings tussen Hom en mense. Daarna staan ek haastig uit sy Gees se pad.

- *"Dit is nou elkeen vir hom- en haarself."* Maar nou is ek dankbaar om deel te wees van sy geloofsfamilie waar mense mekaar se laste dra en vir mekaar omgee.

- *"Ons moet vir die Here werk."* Maar toe ontdek ek Hy het al die werk klaar gedoen. Nou kan ek net vir Hom leef.

- *"Ons moet groot dinge vir die Here doen."* Maar nou begryp ek kleiner is die regte grootte vir die Here. By Hom is eerste laaste, en voor is agter.

- *"Eendag sal die wêreld anders wees."* Maar toe leer ek dat ek slegs vandag tot my beskikking het om tot eer van die Heer te leef. Gister is verby. Môre is nog 'n nagreis ver. Vandag is die dag van die Here.

In Diens

Erkenning: Kanaal 7 FB

Om ander te dien, is iets wat ons aan die eenkant weet ons moet doen. Maar aan die anderkant vind ons dit dikwels ongerieflik of onwelkom ... selfs sommer vernederend. As jy so daaraan dink, is dinge wat ander mense vir ons doen ontsettend belangrik.

Hulle maak dit vir ons moontlik om in huise, wat ons nooit vir onsself sou kon bou nie, te kan woon; om voertuie te bestuur wat ons nooit sou kon vervaardig nie ... selfs net om ons tande te kan borsel met 'n tandeborsel wat ons nooit sou kon vervaardig nie.

Diens vereis meestal betaling. Dit is tog hoe die ekonomie werk. Maar die beste soort diens is dié soort wat gratis kom – wel, dis nie regtig verniet nie, want dit kom deur die opoffering van die een wat die diens lewer.

Dink aan die opoffering van ouers om hul kinders groot te maak. Dink aan 'n vriend, of selfs 'n vreemdeling wat iemand help. Jesus gebruik hierdie voorbeeld om sy dissipels oor nederigheid en diensbaarheid te leer...

Markus 9:36,37- “Toe het Hy 'n kindjie geneem en hom tussen hulle laat staan. Hy het sy arm om hom gesit en vir hulle gesê: “Elkeen wat so 'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My; en elkeen wat My ontvang, ontvang nie net vir My nie, maar ook vir Hom wat My gestuur het.”

Wanneer ons iemand wat deur die samelewing as die geringste gesien word, dien, dien ons vir Jesus. In die mate waarin ons 'n hand van liefde en aanvaarding uitsteek na die oënskynlik onbelangrike mense in hierdie wêreld, steek ons ons hand na die Here uit.

Wie lê Hy op jou hart om te dien? Wie bring Hy oor jou pad om lief te hê en te aanvaar? Want in die mate wat jy hulle liefhet, en hulle dien en hulle aanvaar – doen jy dit vir God self.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

Jou eerste bediening begin by die huis.

“Maar iemand wat nie vir sy eie mense en veral vir sy huisgesin sorg nie, het die geloof verloën.” — 1 Timoteus 5:8

Ek het onlangs ’n aangrypende verhaal gehoor van ’n vrou wat met groot entoesiasme vir haar pastoor vertel het hoe God haar gebruik om ander mense te help.

Die pastoor het aandagtig geluister en toe rustig gevra:“En hoe gaan dit by die huis?” Haar antwoord het ’n ander prentjie geskilder. Haar man het tien jaar tevore uit Irak teruggekeer, maar sedertdien het hulle soos vreemdelinge onder dieselfde dak geleef, van bed en tafel geskei. Sy was besig om oral ander mense se nood raak te sien, terwyl die pyn binne haar eie huis onaangeraak gebly het.

Dit is maklik om onsself onmisbaar te laat voel. Ons help, dien, organiseer, bemoedig en bid vir ander. Van buite lyk dit selfs heilig. Maar soms gebruik die vyand nie net sonde om ons van God se doel af weg te trek nie. Soms gebruik hy goeie dinge, besige programme, belangrike projekte en selfs bediening, om ons aandag weg te hou van die mense wat die naaste aan ons is.

Moeder Teresa se bekende raad was: “*As jy die wêreld wil verander, gaan huis toe en wees lief vir jou familie.*”

Ons kan nie liefde aan die wêreld verkondig, maar dit by die huis weerhou nie. Ons kan nie vir vreemdelinge geduldig wees, maar kortaf met ons lewensmaat praat nie. Ons kan nie ander se wonde verbind, terwyl ons die seer van ons eie gesin ignoreer nie.

Dit beteken nie dat ons nie mense buite ons huis moet help nie. Dit beteken dat ons huis nie die prys van ons roeping moet betaal nie.
Jou eerste bediening is dalk nie op ’n verhoog, in ’n kerkgebou of tussen groot skares nie. Dit is moontlik in die kombuis. By die etenstafel. Langs jou lewensmaat. In ’n gesprek wat jy al maande uitstel. In ’n eenvoudige: “Ek is jammer.” Of: “Hoe gaan dit werklik met jou?”

Die duiwel hoef jou nie altyd met verkeerde dinge besig te hou nie. Soms hou hy jou só besig met goeie dinge dat jy die belangrikste mense begin afskeep.

Gaan vandag huis toe. Sit die telefoon neer. Luister. Praat. Vergewe. Wees teenwoordig. Want voordat jy die hele wêreld probeer verander, kyk God dalk na die klein wêreldjie binne jou eie huis en vra:
“Hoe gaan dit daàr?"

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

KALENDER

6 SEPTEMBER HUISKERK 9 UUR

13 SEPTEMBER EREDIENS 9 UUR

20 SEPTEMBER EREDIENS 9 UUR

27 SEPTEMBER HUISKERK 9 UUR

Stories I'm Letting God rewrite:

- My definition of success
- My timeline for healing
- My belief about what qualifies me
- My narrative of worth
- My fear of what surrender might cost
- My need for constant clarity
- My assumptions about what's "too late"
- My grip on what was never mine
- My belief that I have to earn love
- My limits on how God can use my story
- My fears about stepping into the unknown
- My belief that failure defines my future
- My expectations of how God should show up

Because His story is always
better than mine

@ cleerelystated

Kontak Andre Harmzen



Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

Dankoffers.
Hoe kan jy 'n bydra maak?

Jy kan 'n *Standing order* op jou bankrekening opstel. Gebruik onderstaande bankbesonderhede.

Om 'n direkte inbetaling te maak- gebruik die bank besonderhede:

SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265
Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en ons wyk (Theydon Bois).

Give a Little: Skandeer die QR kode of kliek op die skakel en volg die instruksies.
https://givealittle.co/c/L79juvHMn7sZswLQ5eyOc

Erediens Tye
Ons Eredienste is elke 2de en 4de Sondag van die maand om 09:00

Adres:
Theydon Bois Village Hall, Coppice Row
Theydon Bois, CM16 7ER

Onthou om 'Ja' te merk by gift aid

Baie dankie vir jou bydra. Jou ondersteuning maak dit moontlik om ons roeping uit te leef en 'n verskil in ons gemeenskap te maak.

Kontak Ena



Kontak ons:

Webblad: noordwyk.sagemeente.com

Facebook Blad: SA Gemeente Loughton

Ena Wassermann
Epos: ena@sagemeente.com